Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

8 Mei 2024
OB 17

Beste Ouers

Die afgelope naweek was een van ons jaarlikse hoogtepunte op ons kalender. Die Montie Sportdae wat vanjaar bestaan het uit hokkie (Vrydag) en netbal en rugby (Saterdag), was werklik 2 uitstekende dae. Kyk gerus na al die foto's op ons Facebookblad.

Baie dankie aan elke Montie wat die dag ondersteun het. 'n Groot aantal mense was betrokke by die reëlings en aanbied van die dag. Dankie aan al die personeel en ouers wat hard gewerk het om die dag vir ons leerders aan te bied. Dankie vir elke donasie en skenking. Dit alles het gehelp dat die fondsinsameling op die sportdag, ook suksesvol verloop het. Ons is baie trots op ons leerders wat in groot getalle aan die dag deelgeneem het.

Hemelvaart: Die skool is môre, 9 Mei, gesluit vir Hemelvaartdag, soos op die d6 kalendar aangedui.

Belangrik: Ons begin oor 3 weke met die halfjaarlikse kontroletoetse vir gr. 4-7 (eksamen). Alle leerders ontvang volledige afbakenings vir die werk wat hulle moet voorberei. Gedurende die toetsreeks sal die skool om 7:45 begin en om 13:00 sluit vir alle leerders. Daar is geen sportoefening gedurende die toetsreeks nie. Die leerders skryf meestal oor beide kwartaal een en twee se werk en hulle sal baie deeglik moet voorberei. Maak asb. seker dat u kind leer en voorberei hiervoor.

Baie sterkte vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema:
Hulpvaardig

BrainTribe:
Bob: "'n Staatmaker wat steun en hulp verleen, dienswillig en behulpsaam."

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Donderdag, 9 Mei	HEMELVAART (Skool gesluit)
Vrydag, 10 Mei	Entrepreneurs: Ope Hokkiekliniek
Maandag, 13 Mei	Foto's: Klas en Individueel
Woensdag, 15 Mei	GF Interne redenaars
Donderdag, 16 Mei	Rugby en netbal: WA Rossouw (tuis)
Vrydag, 17 Mei	Entrepreneurs: Gr. 4S GF boeke huis toe Swellendam Sportdag (Hokkie)
Saterdag, 18 Mei	Caledon Sportdag: 7-13 jr (Netbal en Rugby)

Personeel verjaarsdae:

Annie Wigmore: 13 Mei

Marga den Engelsman: 18 Mei

Inleiding tot effektiewe studiemetodes vir GRAAD 4

Me. Annaleen Cilliers (arbeidsterapeut van Ashton) bied op Dinsdagaand, 21 Mei en Woensdagaand, 22 Mei vanaf 18:00 tot 20:00 'n inleidende kursus vir studiemetodes vir graad 4's aan. Die kursuskostes beloop R300 (vir albei aande). Dit moet bygewoon word deur die kind EN 'N OUER. Hierdie is 'n goeie geleentheid om die fondasie te lê vir effektiewe leer.

Kursusinhoud:

- Wat is leer?
- Verskillende studie voorkeure
- Effektiewe maniere om werk te verstaan, op te som, te onthou en toets te skryf.

Die kursus word by Laerskool Montagu in die biblioteek aangebied.
Kontak me. Cilliers direk vir bespreking/navrae: 084 291 3302

Baie dankie vir almal wat so baie moeite gedoen het om Vrydag soos 'n boekkarakter aan te trek! Julle was baie oulik!
Die wenners was Vrydag in die saal aangekondig.

Storieskip

Onthou! Storieskip besoek ons skool op Woensdag, 22 Mei.
Bring asb. so gou as moontlik jou R10 skool toe en betaal by jou klasonderwyser sodat jy hierdie produksie mag bywoon.

Netbal

Cari Conradie het aan die Wes-Kaap Sone 1 netbalproewe deelgeneem op Saterdag, 4 Mei. Ons is baie trots en saam met haar opgewonde om aan te kondig dat sy in hierdie span opgeneem is. Ons hou jou dop, Cari en staan bankvas agter jou met die volgende proewe. Baie geluk!

NEEM VAN KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO'S

Op Maandag, 13 Mei 2024, word die klas- en individuele foto's by die skool geneem. Sorg asseblief dat leerders netjies, met volledige wintersdrag, skool toe kom. Dit sluit die skoolbaadjie in. Maak ook seker dat leerders se hare netjies is.

NB! *Leerders wat Maandae hokkie speel, moet met skoolklere skool toe kom. Hulle bring hul sportklere saam vir die oefeninge na skool.*

Hokkiekliniek
10 Mei 2024

LS MONTAGU
HOKKIEVELDE

13h00 - 14h15
0.7 - 0.9
R25 per speler
SURPRISE PAKKIE

14H30 - 17H00
0.10 - 0.13
R50 PER SPELER

WAT KRY 0.10 TOT 0.13 SPELER?
OEFENPROGRAM
VAARDIGHEIDS AKTIWITEITE

WAAROP FOKUS ONS?
FIKSHEID
VAARDIGHEDE
WEDSTRYDE
POSISIONERING
SPANBOU

Bring saam
Hokkiestok en bal
Shinguard
Mouthguard
Water

Bevestig by jou afrigter
Voor 6 Mei 2024
Enige navrae
Salome Burger 0725213345

SPAR MONTIE SPORTDAG: 3 en 4 Mei 2024

NETBAL

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Gelyk 2	Ruth America
o. 7B	Gelyk 1, verloor 1	Ava Williams
o. 8A	Verloor 2	Athayliah Hoffman
o. 8B	Wen 1, verloor 1	Nazeem Jones
o. 8C	Verloor 2	Elana Haasbroek
o. 9A	Wen 1, verloor 1	Herlin Khana
o. 9B	Wen 1, verloor 1	Liney Kleyn
o. 10A	Wen 1, verloor 1	Hay-Lee Plaatjies
o. 10B	Verloor 2	Liné van Eeden
o. 11A	Wen 1, verloor 1	Suna Bussell
o. 11B	Wen 2	Heslie-Ann Jansen
o. 12A	Wen 1, gelyk 1	Ruvé Williams, Alaina Meyer
o. 12B	Wen 2	Avenathi Bhozo
o. 13A	Wen 1, verloor 1	Kachen Kiewiets
o. 13B	Wen 1, verloor 1	Mieke Joubert

RUGBY

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A	Wen 3	Hakeemio Conradie
o. 7B	Verloor 2	Wyatt America
o. 8A	Wen 1, verloor 2	Hele span
o. 8B	Wen 1, verloor 2	Hele span
o. 9A	Wen 2	Ben Rautenbach, Steyn Stemmet
o. 9B	Gelyk 1, verloor 1	Hakeem Storms
o. 11A	Wen 2, gelyk 1	Viljoen Conradie
o. 11B	Verloor 2	De Wet Southey
o. 13A	Verloor 3	Shawnley Brown
o. 13B	Wen 1, verloor 1	Henco van der Walt

HOKKIE

Span	Uitslag	Speler van die wedstryd
o. 7A (S)	Wen 1	Arlo van der Linde
o. 7B (S)	Wen 1	Hugo du Plessis
o. 7A (D)	Wen 1	Lena Bussell
o. 8A (S)	Verloor 1	Mason Waggie
o. 8A (D)	Wen 1	Klara Sadie
o. 8 (Gem)	Wen 1	Amelia Beukes, André van Deventer
o. 9A (S)	Verloor 1	Steyn Stemmet
o. 9B (S)	Wen 1	Brayden Hoffman
o. 9A (D)	Verloor 1	Ellie Bussell
o. 9B (D)	Wen 1	Isabella Fourie
o. 11A (S)	Gelyk 1	Hele span
o. 11B (S)	Wen 1	Sion Stemmet
o. 11A (D)	Verloor 1	Hele span
o. 11B (D)	Verloor 1	Katy Wolmarans
o. 13A (S)	Verloor 1	Thys Venter
o. 13B (S)	Wen 1, gelyk 1	Tumelo Mayekiso
o. 13A (D)	Verloor 1	Annabelle van Zyl
o. 13B (D)	Verloor 1	Caitlin November